

10. Van Hiskia tot Josia

2 Konings 18 - 23 en 2 Kronieke 29 - 35

God is getrou

Die volk toon uiterlike bekering, maar nie innerlike berou nie. Tog spaar God die volk van verdrukking. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Uiterlike bekering sonder innerlike berou, is van geen waarde.
- Wie waarlik op die Here vertrou se vertrou is nie tevergeefs nie.
- God bly getrou aan sy beloftes.

Hiskia - koning van Juda

Nadat die volk Israel in Assiriese ballingskap weggevoer is, bly Juda vir meer as 100 jaar voortbestaan. Net die stamme Juda en Benjamin bly in Kanaän oor as die volk van die Here. Al die ander stamme versprei onder die heidense nasies in Mesopotamië, sodat hulle as volk verdwyn.

In hierdie tydperk regeer daar agt konings oor Juda. Die eerste koning is Hiskia. Hy is die seun van Agas, die goddelose koning van Juda, wat 'n verbond met Assur gesluit het om teen die Israeliete en Siriërs te veg. Later onderdruk Assirië egter ook vir Juda. Toe Hiskia aan bewind kom, betaal die inwoners van Juda nog steeds hoë belasting aan die Assiriërs. Hulle probeer by verskeie geleenthede om Juda in ballingskap wegvoer, maar die Here beskerm sy volk, omdat Hiskia en sy volk die Here getrou dien. Hiskia regeer 29 jaar lank oor Juda en dien die Here met sy hele hart soos sy voorvader Dawid.⁵⁸

Die hervormings van Hiskia

Hiskia begin sy hervormingswerk deur die gruwels wat sy pa Agas gepleeg het, stop te sit. Agas was 'n afgodsdienaar wat selfs nie gehuiwer het om sy eie seun te offer nie. Hiskia vernietig eers die afgodsbeelde wat sy pa aanbid het. Verder bring hy 'n einde aan die offers wat die volk op die hoogtes aan hul afgode gebring het. Hy breek die klippilare en die heilige boomstamme

⁵⁸ Hand. 13: 36 Want Dawid het ontslaap, nadat hy sy eie geslag volgens die raad van God gedien het, en is by sy vaders weggeleë en het verderwing gesien,

af en stamp selfs die koperslang wat Moses in die woestyn opgerig het, stukkend.⁵⁹ Hy doen dit aangesien die volk die slang as 'n afgod begin aanbid het. Daarna reinig hy die tempel en roep die priesters en Leviete op om getrou hul dienswerk te verrig. Die profeet Jesaja speel 'n belangrike rol om Hiskia by te staan in die hervormingswerk wat hy aanpak.

Nadat hy die tempel gereinig het, reël Hiskia 'n groot Paasfees waaraan die hele volk deel neem. Die Here seën hom en hy slaag daarin om die Filistyne te verslaan. Hy het selfs die moed om die Assiriese juk af te skud. Dit is jammer dat die volk nie so getrou soos Hiskia die Here dien nie. Uiterlik het hulle verbeter, maar hulle dien nie die Here met hulle hart nie.⁶⁰ Dit blyk duidelik uit die profesieë van Jesaja en Miga. Daarom straf die Here Juda deur die Assiriërs teen hulle te laat optrek.

Sanherib val Juda aan

Toe Hiskia ophou om belasting aan Assirië te betaal, is almal 'n aanval van Assirië te wagte. Koning Sanherib van Assirië ruk met 'n groot leër na Juda op. Een na die ander versterkte stad van Juda word verower. In 'n poging om vrede te bewaar, stuur Hiskia vir hom goud en silwer as geskenk, maar dit verhinder hulle nie om ook na Jerusalem op te ruk nie.

Jerusalem is 'n sterk stad met stewige mure en daarom stuur koning Sanherib verteenwoordigers om met die Jode te onderhandel. In Hebreeus sê hulle aan Hiskia se woordvoerders dat hulle moet oorgee. Hulle wys die Jode daarop dat die Egiptenaars hulle nie sal kan kom help nie, aangesien die Egiptenaars reeds deur hulle oorwin is. Die gode sal ook nie help nie, want Hiskia het mos die hoogtes afgebreek waar aan hulle geoffer is. Die Assiriërs spot dat daar in Jerusalem nie eens genoeg weerbare mans is om 2000 perde te beman nie.

Hiskia se woordvoerders versoek die vyand om liefs Aramees te praat, sodat die volk hulle nie kan verstaan nie, maar hulle weier. Hulle wil juis hê die volk moet bang word. Verder beloof hulle aan die Jode 'n vrugbare land, want geen god kan teen die Assiriese koning standhou nie.

59 Num. 21: 9 Toe het Moses 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal gesit: en as 'n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang, het hy in die lewe gebly.

60 Deut. 10: 12 En nou, Israel, wat eis die HERE jou God van jou as net om die HERE jou God te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die HERE jou God te dien met jou hele hart en met jou hele siel,

Hiskia vertrou op die Here

Toe Hiskia hierdie dreigemente en omkoopbeloftes hoor, gaan hy na die tempel om daar tot die Here te bid. Hy stuur ook 'n boodskapper na Jesaja en vra hom om voorspraak vir die volk by God te doen. Jesaja antwoord dat God uitkoms sal gee. In die tussentyd val soldate uit Libna Assirië aan wat tot gevolg het dat die Assiriërs eers hul aandag by hul eie probleme moet bepaal. Voordat hulle vertrek, stuur Sanherib egter eers 'n brief aan Hiskia waarin hy die Here en Hiskia laster.

Hiskia trek rouklere aan en gaan na die tempel, waar hy die brief voor die aangesig van die Here neer. Sy geloof is nie tevergeefs nie. Die Here stuur die profeet Jesaja na Hiskia en hy wys Hiskia daarop dat die lastertaal van Sanherib, die toorn van die Here opgewek het. Die Here sal self as Wreker van sy volk optree. Geen pyl sal in die stad geskiet word nie, en Sanherib sal onverrigtersake terugkeer.

Dit gebeur presies soos Jesaja geprofeteer het. Die nag slaan die Engel van die Here 185 000 man in die leër van Assirië dood. Sánherib keer diep verneder na sy land terug. Toe hy in Nineve kom, word hy terwyl hy neerkniel voor sy god, deur sy twee seuns vermoor. Sy seun Esar-Haddon volg hom as koning op.

Die siekte van Hiskia

Later word koning Hiskia ernstig siek. Die Here stuur Jesaja na hom toe met die boodskap dat hy gaan sterf. Hiskia bid tot die Here om hom te spaar, want hy is nog besig om sy volk weer terug na die Here te lei. Hy het ook nog nie 'n seun wat in sy plek koning kan word nie.

Die Here verhoor Hiskia se gebed en stuur Jesaja terug om aan hom te sê dat hy nog 15 jaar sal leef. As teken hiervan laat die Here die sonwyser tien grade (20 minute) terug beweeg. Jesaja sê ook aan Hiskia dat hulle 'n pleister van vye op sy swelsel moet sit. Hierna word hy gesond. Ná sy genesing skryf Hiskia 'n danklied vir die Here.

Gesante van die koning van Babel

Toe die koning van Babel van hierdie wonderlike genesing van Hiskia hoor, stuur hy 'n geskenk aan hom. Die gesante kom ook met Hiskia onderhandel met die oog op nouer samewerking tussen dié twee lande. Hoogs in sy skik met die verwickelinge wys Hiskia al sy skatte aan hulle.

Hierop stuur die Here weer Jesaja na Hiskia met die treurige boodskap dat al Hiskia se rykdom eenmaal na Babel weggevoer sal word. Sy nakomelinge sal ook Babel moet dien. Hiskia berus by dit wat Jesaja aan hom vertel en is dankbaar teenoor die Here dat dit nie gedurende sy lewe sal gebeur nie. Vir Jesaja is dit 'n groot bron van hartseer. Hier is die eerste aankondiging van die Babiloniese ballingskap van Juda wat later sal volg.⁶¹ Ná 'n regeringstydperk van 29 jaar sterf Hiskia. Sy seun Manasse word in sy plek as koning aangestel.

Die profeet Jesaja

In die sterfjaar van koning Ussia roep die Here Jesaja as profeet deur in 'n gesig aan hom te verskyn. Hy sien die Here op sy troon sit, terwyl die engele uitroep: "Heilig, heilig, heilig is die Here!" Jesaja roep verskrik uit: "Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en ek woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die Here van die leërskaars gesien." Een van die engele neem toe 'n kool vuur van die altaar af en raak Jesaja se lippe daarmee aan en sê vir hom: "Jou skuld is weg en jou sonde versoen." Hierna vra die Here: "Wie sal Ek stuur?" Jesaja antwoord: "Hier is ek, stuur my!" Daarop stuur die Here hom om vir sy volk te gaan profeteer.

Jesaja profeteer in die tyd wat konings Ussia, Jotam, Agas en Hiskia oor Juda regeer. In die eerste deel van sy profesieë preek hy teen die sondes van sy volk en kondig aan dat die volk in ballingskap na Babel weggevoer gaan word. Die tweede gedeelte van sy profesie (hoofstuk 40 en verder) handel weer oor die tyd van die ballingskap en daarna. Dit is 'n tyd wat Jesaja self nie beleef het nie, maar waarin hy homself deur profetiese openbaring inleef. Veral in hierdie deel van Jesaja kry ons duidelike profesieë oor die koms van die Messias.⁶²

61 2 Kron. 36: 19 en 20 En hulle het die huis van God verbrand en die muur van Jerusalem omgegooi en al die paleise daarvan met vuur verbrand, sodat al die kosbare voorwerpe daarvan vernietig is. En die wat van die swaard oorgebly het, het hy na Babel in ballingskap weggevoer, en hulle het vir hom en sy seuns slawe geword, totdat die koninkryk van Persië tot heerskappy gekom het,

62 Joh. 12: 41 Dit het Jesaja gesê toe hy sy heerlijkheid gesien en van Hom gespreek het.

Die profeet Miga

Miga is 'n tydgenoot van Jesaja. Sy en Jesaja se profesieë stem sterk ooreen. Miga se profesie oor die geboorte van die Messias in Betlehem, in Miga 5: 1, word deur die skrifgeleerdes gebruik om vir Herodes te vertel waar Jesus gebore is.⁶³ Miga verkondig nie net die Here se straf op die volk se sonde nie, hy verkondig ook die heil in Jesus Christus. Die Here sal Koning wees op die berg Sion, van nou af tot in ewigheid.⁶⁴

Die boek Job

Wanneer en deur wie die boek Job geskryf is, is nie bekend nie. Die boek handel oor die vrome en opregte man Job, wat tot die uiterste beproef word en in sy beproewing aangespreek word deur vriende wat sy lyding wil verklaar vanuit hulle tradisionele siening dat lyding die straf op sonde is. Job hou vol dat hy die lyding nie verdien nie en eis van God dat reg aan hom moet geskied. God hou sy skeppingswerk, almag en wysheid aan Job voor, en Job kom tot rus. Verder berispe God Job se vriende oor hul verkeerde begrip van Job se lyding.

Daarna het God Job in sy rykdom en gesondheid herstel. God is nie verplig om dit te doen nie, maar Hy doen dit omdat Hy Hom oor Job ontferm.⁶⁵ Die boek Job leer ons wat die roeping van die gelowige in moeilike tye is. Dit leer ons egter ook meer aangaande God self, naamlik dat Hy volkome soewerein is. Dit beteken dat Hy optree soos Hy wil. Hy hoef aan geen persoon verantwoording te doen vir sy dade nie. Hy mag al Job se besittings wegneem as Hy wil. Tot hierdie besef kom Job as hy sê: Die Here het gegee, en die Here het geneem: die Naam van die Here sy geloofd.

Manasse - koning van Juda

Na Hiskia se dood word Manasse op twaalfjarige ouderdom koning. Hy is nie soos sy pa nie, maar volg eerder in die voetspore van sy oupa Agas. Hulle was seker die twee mees goddelose konings wat ooit oor Juda regeer

63 Matt. 2: 5 En hulle het vir hom gesê: Te Betlehem in Judea, want so is daar deur die profeet geskrywe:

64 Op. 11: 15 En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.

65 Jak. 5: 11 Kyk, ons reken hulle geluksalig wat verdra. Julle het gehoor van die lydsaamheid van Job, en julle het die einddoel van die Here met hom gesien, dat die Here vol medelye en ontferming is.

het. Manasse begin stelselmatig om die hervormingswerk van pa Hiskia te vernietig. Hy herbou die hoogtes en bied daardeur weer aan die volk die geleentheid om die Baäls te dien. Hy bou ook altare vir Baäl en rig 'n heilige boomstam op, waar die godin Astarte op onsedelike wyse vereer word.

Aan Molog word daar ook weer geoffer. Manasse laat selfs sy eie seun aan Molog offer. Hy verontreinig die tempel deur daarin altare vir die afgode te bou. Hy het selfs 'n Astartebeeld in die tempel laat oprig. Ons lees ook dat hy met allerlei duistere magte deur middel van goëlery in verbinding tree. Vir die doel stel hy 'n klomp dodebesweerders en waarsêers aan.

Juda tree nou meer goddeloos op as wat Israel ooit opgetree het. Daarom besluit die Here om 'n einde aan Juda se volksbestaan te maak. Juda sal na Babel weggevoer word. Al het die Here vir Manasse en Juda ernstig deur profete soos Jesaja, Hosea, Joël, Nahum en Habakuk laat waarsku, wou hulle nie luister nie. Die profete het aan hulle die verwoesting van Jerusalem en die wegvoer van die volk in ballingskap verkondig, maar hulle wou hul nie tot God bekeer nie. Jerusalem sal op dieselfde wyse as Samaria verwoes word.

Manasse se bekering

Met verloop van tyd word Babel, die volk waarmee Hiskia vroeër 'n verbond gesluit het deur Assirië bedreig. Trou aan die verbond wat sy vader destyds met Babel gesluit het, trek Manasse op om Babel te gaan help. Hy word gevange geneem en hulle sit 'n ring deur sy neus en boei hom met koperkettings vas. In 'n vurige gebed tot die Here bely hy sy sondes en smEEK God om hom tog uit die gevangenis te bevry.

God verhoor sy gebed en 'n ruk later laat die koning van Assirië hom vry. Manasse probeer nou om dit wat hy verkeerd gedoen het, reg te stel. Hy verwyder al die afgode uit die tempel en bring dank- en lofoffers aan die Here. Hy versterk ook Jerusalem se mure teen die vyand. Ongelukkig wil die volk nie na Manasse luister en hulle ook bekeer nie.

Amon - koning van Juda

Manasse word opgevolg deur sy seun Amon, wat net twee jaar regeer. Amon deel nie in sy pa se bekering nie en doen wat verkeerd is. Op jeugdige ouderdom word hy deur sy dienaars vermoor. Sy seun Josia word daarna in sy plek koning oor Juda.

Josia koning van Juda

Josia is net agt jaar oud toe hy koning word. Hy is een van die beste konings wat Juda ooit gehad het. Net soos Hiskia is hy aan God gehoorsaam. Die profeet Jeremia en Josia ondersteun mekaar in hul pogings om die volk van die afgodediens te lei na die diens van die Here. Hy roei die afgode uit en herstel die diens van die Here in die tempel. Dit is 'n groot en moeilike taak, want Manasse en Amon het die volk afgode laat dien.

Josia samel ook geld in om die tempel te herstel. Toe die priester Hilkia die geld uit die skatkis in die tempel haal, kry hy die wetboek van Moses onder in die kis. Josia laat die boek aan hom voorlees, en hy word baie bang toe hy hoor van al die oordele wat oor die volk sal kom as hulle die Here verlaat en agter ander gode aanloop.⁶⁶ Die profetes Hulda sê ook aan hom dat die oordele sekerlik oor die volk sal kom, maar nie in sy tyd nie, omdat hy die Here so getrou dien. Hierna laat Josia die volk bymekaar kom om die verbond met die Here te hernu, en hulle vier ook weer Paasfees.

Tog dien die volk die Here nie met 'n opregte hart nie. Dit was slegs 'n uiterlike reformasie, daar is geen innerlike verandering van hul denke nie. Daarom bly die profete die volk op hul sonde wys en staan die oordeel van die Here vas.

Dood van Josia

In die ooste word die magtige Assiriese ryk deur die Mede en die Babiloniërs verslaan. Die Egiptenaars trek dadelik na die Eufraat in 'n poging om 'n deel van die gebied wat aan die Assiriërs behoort het, te verower. Aangesien Josia bang is dat die Egiptenaars ook Juda sal bedreig, val hy hulle met sy leër aan. In die geveg word Josia noodlottig gewond en sterf hy op pad terug na Jerusalem.

Sy dood is 'n ramp vir die volk, want daarna het die einde vinnig nader gekom. Die volk is baie hartseer oor sy dood en Jeremia skryf selfs 'n klaaglied daaroor. Ná Josia se dood word sy seun Joahas, ook Sallum genoem, in sy plek koning. Juda is egter nou geheel en al afhanklik van Egipte.

⁶⁶ Deut. 28: 20 Die HERE sal teen jou stuur die vervloeking, die verwarring en die bedreiging in alles waar jy jou hand aan slaan, wat jy moet doen; totdat jy verdag is en totdat jy gou tot niet gaan vanweë die boosheid van jou handeling, dat jy My verlaat het.

Aanbevole leesstukke

BOOYENS, M.J. 2007. Laat my lammers wei. Gereformeerde Kerk Pretoria: Orkney. 95 - 98 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 596 - 601 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 390 - 399 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 462 - 479 p.